# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

## AFKONDIGINGE: 5 Februarie 2017

*"Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie."* (Johannes 15:5)

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir Instandhouding.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 7-8 ontmoet oom Johan by die saal na die diens. Gr 9 ontmoet ds Danie 10:00 in die kerk se konsistorie. Gr 10-11 soos deur ds André en ds Robert gereël.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee ontmoet jou graag na die diens voor die kansel.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENSTE:** Om **09:00** in die kerkgebou (ds Robert) en op Vleesbaai (ds Danie). *Michelle Weyers by Kinderkerk. Ds André het 'n afnaweek.*

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Jeugwerk.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Soos verlede Sondag. Gr 9 om 10:30 in die konsistorie.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

Ds Danie: Maandag om 15:00 Santos 2; Dinsdag om 09:30 in die konsistorie.

Ds André: Dinsdag om 09:30 in die saal.

Ds Robert: Dinsdag 09:00; Donderdag Boekleesgroep 18:15 te 17de Laan 18. Vleesbaai Bybelstudie in die saal om 09:00.

**Dinsdag:** Gebedsbyeenkoms om 17:15 in die konsistorie.
**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 in Santos 1 (ds Danie).
**Donderdag:** Manne bid 06:00 in die "gat" onder die verhoog.
19:00 Vonkelvroue Byeenkoms in die saal.

### BANKBESONDERHEDE

*Dankoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*
*Geloofsoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## BELANGRIKE INFO

**KOSKAS:** Februarie is **Streek B** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die saal bedien. Kom kuier lekker saam en leer mekaar beter ken.

**DEUROFFERS:** Sinodale offer vir Gemeentebediening was R1 724-50.

**NUWE LIDMATE:** Rudolph J Scheepers Da Gamastr vanaf Oudtshoorn-Wes, Phillipus J vd Walt van Staden en Engela M van Staden Christiaanstr vanaf Suidpunt. Hartlik welkom!

**BROODKNIPPIES:** Ons benodig broodknippies vir 'n rolstoelprojek. Bring dit asb na die kerkkantoor.

**MEUBELS:** Vir die Gat onder verhoog. Ons het die eerste sitbank gekry vir die Gat wat ons wil omskep in 'n kuierkamer vir ons jongmense en ander groepies wat meer informeel saamkom. As enige iemand los banke of gemakliker stoele, of 'n sitstelletjie het wat u kan afstaan sal ons dit baie waardeer. Skakel die kerkkantoor, ons sal 'n plan kan maak om dit te kom oplaai indien nodig.

### RIETVLEI BRAAI

24 Februarie vanaf 16:30. Braaivleis en slaai @ R60, poeding @ R10. Bring eie houers vir wegneem. Rou vleis te koop.

*Koop asb vroegtydig u kaartjie by die kerkkantoor om teleurstelling te voorkom.*



**VONKELVROUE:** 9 Februarie 2017 om 19:00 in die kerksaal. Kaartjies by die deure beskikbaar @ R15. Ds Robert praat oor "SmartStart" wat hierdie week begin is in KwaNongaba. Annemarie Saffy neem die leiding van "SmartStart".

**ACVV KENANI:** Tee-Lepel Buffet 12 Februarie. Kaartjies @ R90 en besprekings voor 9 Februarie by 044-6903204.

**ALPHAKURSUS:** Sondagaand, 5 Februarie, (van 17:00-19:00) gaan ons voort met die laaste paar geleenthede van Alpha.



**GEBED:** **Twee gebedsgeleenthede waar ons u nooi om in te skakel.**

1. *United Prayer for SA (UP4SA) het verlede jaar vir die eerste keer 'n een-uur -gebedsbyeenkoms vir SA georganiseer. Ongeveer 160 dorpe en stede het deelgeneem.*
   *Vanjaar is daar weer so 'n gebedsoproep. Regoor die land sal gelowiges op 26 Februarie vanaf 17:00-18:00 vir SA bid. Mosselbaai se byeenkoms is DV by die VGK se kerkgebou in Grunterstraat.* Meer inligting later.


2. Wêreldbiddag vir Vroue is al 87 jaar in SA. Vrydag, 3 Maart om 10:00 in ons kerkgebou. Die program is deur die vroue van die Filippyne saamgestel. Tema "My genade is vir almal." Ons gaan ook daarmee saam 'n tee-tuin in die saal hê (fondse vir die herfsdankfees).

* * * * *

Moedergemeente bied 'n kursus aan in PASTORALE NARRATIEWE TERAPIE. Persone wat dit deurloop sal 'n sertifikaat verwerf by TUKS se Teologie departement. Skakel ds André of ds Gerrie van Deventer van Moedergemeente.

* * * * *

**KRUISPAD:** Sondagaande kom die hoërskooljeug van 18:00 tot 20:00 in die saal bymekaar. Leon Bothma gaan vanjaar saam met julle kuier. Almal welkom!



# HERFSDANKFEES 2017

Skop solank die vere reg vir ons Herfsdankfees! DV op 10 Maart vanaf 17:00 hou ons weer in en om die kerksaal lekker basaar! Die speletjies vir die kinders begin om 16:00. Die teetuin in die "gat" onder die verhoog is ook vanaf 16:00 oop en heerlike wafels en roomys sal ook bedien word. Om 17:00 open die ander tafels en die Hap-en-Trap in die kerksaal—die deure open stiptelik 17:00 asseblief. Ons wil u almal nooi om lekker te kom saamwerk en saamkuier. Dit is hier waar ons mekaar beter leer ken en lekker bande smee. Ons gee vir u al die konvenors se telefoonnommers en vra vriendelik dat u sal skakel om u hulp aan te bied—ons het elkeen se hulp nodig!

- **KLEINKOEKIES:** Driekie en Angelina Strydom 6912955
- **BESKUIT en BROOD:** Marina Claassen 6912880
- **KOMBUIS:** Selma de Klerk 0845500554
- **SOSATIES EN HOTDOGS:** Aletta Hanekom 6932710
- **POEDING:** Annie van Zyl 6930440(H) of 6911010(W)
- **KINDERTAFEL:** Jeanne 0842843378 en Karen 0846210055
- **PANNEKOEK:** Driekie Muller 6904372 of 0762377928
- **GROOT KOEKE/TERTE:** sal volgende week sê.
- **KERRIEVIS:** sal volgende week sê.
- **TEETUIN:** Mari Loftie-Eaton 0721422313
- **WIT OLIFANTE:** Dries Wheeler 6934504 of 0827143322
- **TUISGEMAAKTE LEKKERS:** Elise Herselmann 6933776 of 0835606781
- **PASTEIE:** Ons soek nog 'n konvenor.
- **VLEIS/MARKTAFEL:** André Kritzinger 6932462



**Die volgende word benodig:**

* Wildsvleis en hoender vir die pasteie
* Skaap, bees, en varkvleis vir die vleistafel
* Polistreenbakkies en foelieborde
* 2L Roomysbakke
* Margarien (nie lae vet), kookolie, eiers, koekmeel, langlewe melk
* Wit olifante en poedings vir die onderskeie tafels






## GEBEDSBULLETIN

**Februarie se tema: SIEKES**

**Hierdie week se DANKIES:**
Vir die genade van die Here tov gesondheid. Loof Hom elke dag as jy gesond is!
Die mediese dienste - ook tuisversorging van siekes.
Vroeë-kind-ontwikkeling (Smart-start). 36 persone het opleiding ontvang om in Mosselbaai groepies aan te bied.
Verkwikkende reën wat geval het (bid vir die situasie in ander dele van die land).

**Hierdie week se ASSEBLIEFS:**
Vir almal wat siek is (talle worstel met lewens-bedreigende siektes).
Godsdiensvryheid in ons land.
Voorbereidings vir die Rietvleibraai en Herfs-dankfees.
Dat gelowiges 'n positiewe getuienis sal uitleef in hul daaglikse lewe en die vryheid wat ons het, sal benut.
Instandhouding (deuroffers) - die pastorieë, saal en kerkgebou kort dringend werk waarvoor daar nie in die begroting ruimte is nie.

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

Lettie Bekker Erikahof 10, Louise Botha Santos Haven, Mariaan Huysamen Blombosch, Daan Thomas Maroelastr, Erika Krause De Bosse, Johan Bester Heidepark, Hennie Pozyn McKinnerystr, Hannes Theron Edgar Furnesstr, Pieter Kempen Boggomsbaai, Sophie Honiball Vleesbaai, Rika Stander JB Millerstr.

STERFTES: Dogter van Anna en Harry Terblanché Santos Haven, seun van Coen Bekker Punt Terrace nr 6, dogter van Francois en Hettie du Toit 21ste Laan.

### KINDERKERK EN KATEGESE UITSTAPPIE:

Op 19 Februarie gaan ons DV weer by Diazstrand se waterpark baljaar. Ons gee DV weer 'n ligte ete en ander lekkernye. Ons gaan vir die kinders se toegang betaal (4 ure se onbeperkte glye en swem!!) Ouers of volwassenes wat ook wil gly en swem, kan dieselfde pakket aankoop.
Laat weet asb die kantoor as u kom—hoeveel kinders en ook vir hoeveel volwassenes ons 'n ekstra toegangsrekkie moet aankoop (R80). Ouers en kinders kom kerk toe vir die 09:00 erediens (kinders kan met hul uitstappie klere kom). Ons kuiertyd by die waters is 10:30—14:30.

